

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saaknommer: 48\2006

Datum Verhoor: 2006\02\03

Datum Gelewer: 2006\02\10

In die saak van:

JDG TRADING (EDMS) BEPERK

APPLIKANT

versus

SYLVIA MEISIEKINDLOUW

EERSTE RESPONDENT

**LANDDROS VIR DIE DISTRIK
VAN KIMBERLEY**

TWEEDE RESPONDENT

Coram: **MAJIEDT R**

UITSPRAAK

MAJIEDT R:

1. Die applikant nader hierdie Hof vir 'n verklarende bevel dat die ooreenkoms gesluit tussen die applikant en die eerste respondent, waarvolgens die applikant aan die eerste respondent geld geleen en voorgesket het, 'n leningsooreenkoms is en verder dat hierdie leningsooreenkoms 'n regsgeldige ooreenkoms is wat afdwingbaar

is tussen die applikant en die eerste respondent. Die applikant vra ook dat vonnis verleen word in sy guns teen die eerste respondent in ooreenstemming met die skriftelike toestemming wat die eerste respondent onderteken het ingevolge die bepalinge vervat in artikel 58 van die Wet op Landdroshowe, 32/1944 ("*die Wet*"). Die applikant vra verder dat 'n besoldigingsbeslagbevel ingevolge eerste respondent se skriftelike onderneming daartoe in terme van artikel 58 soos gelees met artikel 65A van die Wet uitgereik word. Laastens versoek die applikant koste van die aansoek indien dit geopponeer word. Die aansoek was nie bestry deur enige van die respondente nie, alhoewel die tweede respondent volledige skriftelike redes verskaf het ingevolge Landdroshofreël 51.

2.1 Die applikant dryf handel as 'n meubelhandelaar *sub nom* Joshua Doore, onder andere in Kimberley. Die eerste respondent het sekere meubels aangekoop by die applikant. Daar is toe 'n ooreenkoms, Aanhangsel "A" tot die funderende eedsverklaring in hierdie aansoek, tussen die partye gesluit, welke ooreenkoms as 'n "*Loan Agreement*" bestempel word in die kopstuk daarvan.

2.2 Die leningsbedrag stem presies ooreen met die aankoopprys van die meubels wat deur die eerste respondent aangekoop is. Die leningsooreenkoms maak verder voorsiening vir vasgestelde maandelikse terugbetalings op die lening. Wat verder opvallend is, is dat klousule 7 van die leningsooreenkoms voorsiening maak daarvoor dat die meubels wat aangekoop is deur die eerste respondent onderhewig is aan 'n pand ten gunste van die applikant, welke pand klaarblyklik dien as sekuriteit vir die eerste respondent se verpligtinge ingevolge die leningsooreenkoms.

2.3 Die eerste respondent het versuim om haar verpligtinge ingevolge die voormelde leningsooreenkoms na te kom en het sy toegestem tot vonnis ingevolge die bepalings vervat in artikel 58 van die Wet. Hierdie skriftelike toestemming is Aanhangsel "B" tot die funderende eedsverklaring. Daarvolgens stem die eerste respondent nie net toe tot vonnis in 'n bepaalde bedrag nie, maar sy maak ook 'n aanbod van betaling daarvan in die bedrag van R200.00 per maand. Van belang verder is dat die eerste respondent ook daarin toestem tot 'n besoldigingsbeslagbevel.

2.4 Die tweede respondent het daarna 'n aansoek vir vonnis op grond van die voormelde skriftelike toestemming wat eerste respondent onderteken het, geweier en het, soos ek alreeds gemeld het, volledige skriftelike redes vir sodanige weiering verskaf.

3. Die kern van die landdros se redes kom daarop neer dat sy die transaksie tussen die applikant en eerste respondent beskou het as 'n kredietooreenkoms wat onder die Wet op Kredietooreenkomste (75/1980) ressorteer en dat sy gevolglik nie 'n vonnis in terme artikel 58 van die Wet kon toestaan nie.

4.1 Ek het ter aanvang van die verrigtinge by Mnr. Wessels, wat namens die applikant verskyn, verneem of hierdie nie 'n geval was waar die landdros 'n finale bevel uitgereik het en dat daar gevolglik geappelleer moes word nie. Mnr. Wessels het aan die hand gedoen dat die landdros inderdaad nie die verlening van vonnis geweier het nie en nie 'n finale bevel gemaak het nie. In dié verband het hy verwys na die volgende passasie in die landdros se voormelde skriftelike redes:

"Ad paragraaf (c)

Die hof het nie 'n Besoldigingsbeslagbevel aansoek aangehoor of geweier nie. "

Op grond van die voormelde passasie submitteer Mnr. Wessels dat die verrigtinge *a quo* nie vatbaar is vir appél nie, omrede daar inderdaad nie 'n finale bevel uitgereik is nie.

4.2 Ek is van mening dat hierdie submissie heeltemal misplaas is. Net vroeër in die skriftelike redes verskyn die volgende:

“.....het die hof bevind dat die hof nie oor die magtiging beskik om aan die eiser se versoek tot vonnis te voldoen nie. **Hierop is vonnis geweier in terme van Reël 12(7)(e) van die Wet op Landdroshowe.**” (My eie beklemtoning).

Volgens die bepalings vervat in die voormelde Reël 12(7)(e) mag 'n hof, wanneer 'n versoek vir vonnis deur die Klerk van die Hof na hom verwys word, weier om vonnis te verleen. Hierdie is tog na my mening aanduidend daarvan dat die landdros inderdaad 'n finale bevel uitgereik het, naamlik 'n weiering van die versoek tot vonnis.

4.3 Dit is verder natuurlik ook insiggewend dat die landdros (op versoek van die applikant) skriftelike redes ingevolge die bepalings vervat in Landdroshofreël 51 verskaf het. Dit is ook verder aanduidend daarvan dat die applikant, ten minste by dáárdie geleentheid toe redes versoek is, die mening toegedaan was dat 'n finale bevel uitgereik was en dat 'n appél die aangewese weg is om te volg.

4.4 Artikel 83(d) van die Wet bepaal dat enige bevel wat die effek het van 'n finale vonnis die onderwerp van 'n appél mag vorm. Wanneer die landdros se skriftelike redes noukeurig nagegaan word, meer bepaald die motivering vir haar bevindinge, is daar by my absoluut geen twyfel nie dat die landdros inderdaad 'n finale bevel uitgereik het tot dien effekte

dat die versoek tot vonnis geweier word. Gevolglik is ek die mening toegedaan dat hierdie finale bevel van die landdros inderdaad op appél moes geneem gewees het, indien die applikant daarvoor beswaard was.

5. Mnr. Wessels het verder aan die hand gedoen dat selfs al is die landdros se bevinding vatbaar vir 'n appél, hierdie Hof steeds in sy diskresie 'n verklarende bevel kan oorweeg soos wat dit aangevra is deur die applikant hierin. In dié verband het hy verwys na die volgende gesag:

Shell's Annandale Farm (Pty) Ltd v Commissioner, South African Revenue Service 2000(3) SA 564 (C) te 570 – 571;

Herbstein & Van Winsen: *The Civil Practice of the Supreme Court of South Africa*, 4de uitgawe, te 1053 – 1061;

National Educare Forum v Commissioner, South African Revenue Service 2002(3) SA 111 (TkHC) te 127 G – 128 D.

Ek is die mening toegedaan dat die voormelde gewysdes onderskeibaar van die onderhawige saak is op die feite en op die reg. Dit kom naamlik algemeen voor dat verklarende bevel aangevra en uitgereik word in veral belasting sake soos wat in die voormelde twee gewysdes die geval is. Dit is dan nou ook reeds gevestigde reg dat 'n geregshof 'n verklarende bevel kan oorweeg en uitreik waar geen belasting aanslag nog gemaak is nie. Ek kon egter geen gerapporteerde uitspraak vind, en Mnr. Wessels het ook na geen sodanige gesag verwys nie, tot die effek dat waar 'n finale bevel appelleerbaar is, 'n litigant steeds kan verkies om desnieteenstaande 'n Hof te nader vir 'n verklarende bevel. Ook die gedeelte aangehaal uit **Herbstein & Van Winsen, supra**, bevat geen sodanige gesag nie. In elk geval is ek die mening toegedaan dat hierdie 'n diskresionêre aangeleentheid is en is ek in die uitoefening van my diskresie oortuig daarvan dat 'n appél na hierdie Hof die gepaste prosedure is.

6. Gevolglik en uit hoofde van die voormelde redes is ek die mening

toegedaan dat hierdie aansoek ondeurdag is en dat die aangevraagde regshulp nie toegestaan kan word nie.

7.1 Ek ag dit nodig om enkele opmerkings te maak hierin aangaande die ware aard van die transaksie tussen die partye.

7.2 Ek is dit eens met die landdros dat hierdie sogenaamde leningsooreenkoms tussen die applikant en die eerste respondent eintlik maar 'n kwalik verbloemde kredietooreenkoms is. Daar is in die stukke gewag daarvan gemaak dat hierdie tipe leningsooreenkomste algemeen voorkom in die meubelbedryf op 'n landwyse basis. Daar is ook, vreemd genoeg, heeltemal ontersaaklik melding daarvan gemaak dat besoldigingsbeslagbevele algemeen in die Vrystaat toegestaan word uit hoofde van hierdie tipe leningsooreenkomste. Daar is selfs verder gegaan deur op ontoelaatbare wyse gebruik te maak van hoorsêgetuïenis om aan te dui dat dié praktyk ook in ander provinsies suksesvol gevolg word. Al hierdie beweringe is ontersaaklik en geheel en al onvanpas. Sover ek weet is hierdie betrokke praktyk, naamlik die sluit van 'n gesimuleerde leningsooreenkoms wat inderdaad maar 'n kredietooreenkoms is, wat ten doel het die verkryging van besoldigingsbeslagbevele, nog nooit werklik getoets in enige afdeling van die Hooggeregshof nie.

7.3 Die Wet op Kredietooreenkomste se primêre oogmerk is om kredietopnemers/ verbruikers te beskerm. Dit is weliswaar korrek soos wat Mnr. Wessels aan die hand gedoen het, naamlik dat 'n party wat aanvoer dat 'n bepaalde ooreenkoms gesimuleerd is en inderwaarheid 'n ander aard het, die bewyslas dra om sodanige bewering te bewys (sien ondermeer **Michau v Maize Board 2003(6) SA 459 (SCA)** te 463 (par. 4). Aan die ander kant weer is dit gevestigde reg dat partye nie geoorloof is om die ware aard van hulle transaksie te verberg nie. In so 'n geval:

“The true enquiry ... is to establish whether the real nature and the implementation of these particular contracts is consistent with their ostensible form. In pursuit of that enquiry, one must strive to ascertain, from all of the relevant circumstances, the actual meaning of the contracting parties. It

therefore becomes necessary to examine in greater detail the agreements in question and the manner in which they were implemented.”

per Ponnan AR in **Maize Board v Jackson 2005(6) SA 592 (SCA)** te 596 E-F (par. 8).

7.4 Die oogmerk met die gesimuleerde kontrak in die onderhawige geval is na my mening duidelik, naamlik om aan die kredietgewer onder die skyn van ‘n leningsooreenkoms die voordeel te bied om ‘n besoldigingsbeslagbevel te bekom, wat hy andersins nie sou kon kry by ‘n gewone kredietooreenkoms nie. Op sodanige wyse word die primêre oogmerk van die Wet op Kredietooreenkomste soos hierbo vermeld, blatant omseil en onkundige kredietopnemers word van die voormelde Wet se beskerming ontnem.

7.5 Ter samevatting volstaan ek daarmee om my ernstige bedenkinge uit te spreek aangaande die regsgeldigheid en afdwingbaarheid van hierdie sogenaamde “leningsooreenkoms”, aanhangsel “A”.

8. **Die applikant se aansoek word afgewys.**

SA MAJIEDT REGTER

ADVOKATE NAMENS APPLIKANT : ADV MH WESSELS
IN OPDRAG VAN : ANDRE POTGIETER PROKUREURS

DATUM VAN VERHOOR : 2006\02\03

UITSPRAAK : JDG TRADING v LOUW e.a.
Saaknr. : 48\2006
MAJIEDT R

DATUM VAN UITSpraak: 2006\02\10